

Die tyd het aangebreek om môre te beskerm

Marli Conradie-Smit*

November is Diabetesbewustheidsmaand, met [Wêrelddag vir Diabetes](#) wat op 14 November gevier word. Vanjaar se tema is 'Opvoeding om môre te beskerm'. Dit is 'n besondere jaar, aangesien ons vanjaar die [100ste herdenking van die eerste gebruik van insulien as 'n behandeling vir mense](#) herdenk. Dit dwing ons egter ook om na te dink oor hoe ver ons gevorder het in die bestuur van diabetes en wat ons in hierdie eeu kan probeer verbeter.

Vooruitgang die afgelope eeu sluit die bekenstelling van 'ontwerper'-insulien in – molekules wat gestruktureer is om die fisiologie van die menslike proteïen baie goed na te boots en wat aan pasiënte die vryheid bied om die gebruik van medikasie volgens hulle behoeftes aan te pas om hulle glukosebeheer te verbeter. Moniteringstoestelle word ook by die dag al hoe meer gesofistikeerd. Danksy tegnologiese vooruitgang soos slimfoontoepassings, is sommige toestelle selfs in staat om die bloedsuikervlakke van mense met diabetes deurlopend te monitor en hulle te waarsku wanneer hierdie vlakke te hoog styg of te laag daal.

Die landskap van ander behandelingsopsies het die afgelope paar jaar aansienlik verander. Wanneer 'n mens in ag neem dat ons in die eerste 50 jaar sedert die bekendstelling van insulien net 'n handjievol medikasie – wat mondelings en met 'n inspuiting geneem kan word – gehad het, was daar in die afgelope tyd 'n ontploffing van nuwe molekules en medikasie – waarvan talle oor fantastiese proefnemingsdata beskik oor hulle voordeel om die koers van die siekte te verander deur komplikasies, veral [kardiovaskulêre komplikasies](#), te voorkom.

Maar kan ons onself op die skouer klop?

Die wêreld is steeds besig om van die uitwerking van die Covid-19-pandemie te herstel. Uitkomstes van pasiënte met diabetes het egter die feit beklemtoon dat die [ware pandemie van nie-oordraagbare siektes](#) (NOS's) wat ons vir te lank geïgnoreer het, dringende aandag verg. Volgens die [2021-verslag van die Internasionale Diabetesfederasie](#) lewe 563 miljoen mense na raming wêreldwyd met diabetes saam. Dit sal na verwagting met 46% tot 783 miljoen volwassenes in 2045 styg. Die voorkoms onder Suid-Afrikaanse volwassenes is 12,8%, maar dit is 'n onderskatting aangesien 60% nog steeds ongediagnoseer is. Dit is dus nie 'n verrassing dat dit beskryf word as een van die gesondheidsnoodsituasies van die 21ste eeu wat wêreldwyd (Suid-Afrika ingesluit) die vinnigste groei nie.

Die tema vir vanjaar se Diabetesbewustheidsmaand en Wêrelddag vir Diabetes is daarom veral baie toepaslik aangesien dit die belangrikheid van [diabetesopvoeding](#) in die bestuur van die siekte in Suid-Afrika beklemtoon.

Ten slotte ...

Ons het baie waardevolle lesse gedurende die Covid-19-pandemie geleer – waarvan ons hopelik talle sal gebruik wanneer ons voor toekomstige pandemies te staan kom. Daarby gaan ons voort om ander siektes soos tuberkulose, MIV en malaria aan te spreek wat grootskaalse probleme in laer- en middelinkomstelende veroorsaak.

Die tyd het nou aangebreek dat ons leer dat opvoeding 'n sleutelfaktor in die bestuur van die voortdurende diabetespandemie is.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Dr Marli Conradie-Smit is hoof van die Afdeling Endokrinologie in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch. Sy is betrokke by die bestuur van mense wat met diabetes saamleef en die opvoeding van studente, personeel en eweknieë.**